higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

392Q1N2421

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Versnelling ('fast-tracking') behels dat die projekbestuurder ekstra hulpmiddels aan elke werkselement toewys wanneer 'n projek agterraak.

1.2 Voorskriftelike bestuurders vertel vir hul ondergeskiktes presies wat om te doen en hoe om dit te doen.

1.3 Inspeksie is 'n stelsel wat op die hoogte bly van die koste wat vir 'n projek aangegaan word.

1.4 Kultuurstruikelblokke kan effektiewe kommunikasie tussen lede in 'n span belemmer.

1.5 'n Memorandum is 'n opgawe van al die besprekings en besluite wat in 'n vergadering geneem is.

1.6 Kohesie beteken dat spanlede in goeie en slegte tye saamstaan.

1.7 Die gewysigde Wet op Diensbillikheid van 2023 het ten doel om diversiteit en gelykheid in die werksplek te bevorder.

1.8 Die projekbestuurder is 'n professionele persoon wat omvattende kennis en begrip van die projeklewensiklusse het.

1.9 Die fluitjieblaser staan ook bekend as die persoon wat die gedragskode oortree het.

1.10 'n Belangrike deel van die moniteringsproses is om die werklike koste wat aangegaan is teen die begrote bedrag te meet.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

standaardbedryfspraktyke; versagting; templaat; gelykheid; werksuiteensettingstruktuur; projekplan; annoteer; notule van ’n vergadering; menswaardigheid; herwin risikovermyding

2.1 Om te ... is om kort aantekeninge by ’n boek of dokument te voeg om gedeeltes daarvan te verduidelik.

2.2 Die proses wat gevolg moet word wanneer iemand die gedragskode oortree het, word volgens die ... verduidelik.

2.3 ... beteken dat spanlede gerespekteer word en nie doelbewus verneder word nie.

2.4 ’n ... word gebruik om alle besprekings en besluite wat in ’n vergadering geneem word, op te teken.

2.5 Die proses waarvolgens blootstelling aan risiko verminder word, staan bekend as … .

2.6 Sodra data en dokumentasie behoorlik volgens die maatskappy se standaarde en prosedures geberg is, kan inligting maklik ... word sonder om die projek se produktiwiteit te onderbreek.

2.7 Dit is noodsaaklik om ’n ... te skep voordat die koste van werkselemente akkuraat beraam kan word.

2.8 Die projekspan kan nie met ’n projek begin voordat die ... nie goedgekeur is nie.

2.9 ’n ... is ’n gedeeltelik voltooide dokument in ’n vooraf bepaalde formaat.

2.10 Die risikoreaksie-beplanningstegniek wat ten doel het om die projekuitkoms teen die impak van die risiko te beskerm, staan bekend as … .

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

DIE LIGGAAM-EN-WELSTANDSPROJEK

Jeffrey Morgan is aangestel as die projekbestuurder van die Liggaam-en-Welstandsprojek. Die doelwit van die projek is om 'n bestaande gimnasium en sakegeboue in 'n luukse, multifunksionele gesondheids- en welstandskompleks te omskep.

George Georgiades, die kliënt, het 'n duidelike visie van hoe die eindresultaat moet lyk en die verskillende behoeftes waarin die projek moet voorsien. Die grootste gedeelte van die bestaande gimnasium sal met nuwe toerusting en meubels opgeknap en benut word. Die Olimpiese swembad, badkamers en sauna sal ook volgens die plan opgeknap word. Die nuwe sakegeboue moet ontwikkel word in 'n koffiewinkel waar gesonde kos, gladdejantjies ('smoothies') en ander drankies verkoop sal word. 'n Goed beveiligde speelarea vir kinders sal ontwerp word waar hulle onder toesig kan speel terwyl die ouers ander geriewe benut. 'n Rekenaarlokaal met internet en drukgeriewe sal ook beskikbaar wees waar ouer kinders navorsing vir skoolprojekte kan doen.

Dit sal 'n dienskamer vir verpleegsters hê waar kliënte hul bloedglukose-, bloeddruk- en cholesterolvlak kan laat toets. Mnr Georgiades sal opleiding en werkswinkels vir alle persoonlike instrukteurs aanbied om aan kliënte professionele, individuele, persoonlike oefensessies te bied. 'n Biokinetikus en fisioterapeut, elk met hul eie kantoor, sal kliënte help wat van beserings herstel of wat naoperatiewe sorg benodig. Verder sal 'n dieetkundige beskikbaar wees wat kliënte kan weeg, meet, monitor en van eetplanne voorsien om hulle te help om gesonder lewens te lei en 'n gesonde gewig te handhaaf. Die gebou sal 'n rustige spa-area hê waar kliënte skoonheidsbehandelings en masserings kan ontvang. Laastens sal 'n terapeut beskikbaar wees om na die sielkundige behoeftes van kliënte om te sien.

Jeffrey Morgan, met sy noukeurige beplanning en kommunikasievaardighede, het Mpho Maleka as spanleier aangestel. Hy het boonop die beste span argitekte, elektrisiëns, loodgieters en binnenshuise ontwerpers vir sy multimiljoenrand-projek gekies. Dit sal sewe maande duur om die projek te voltooi omdat die meeste infrastruktuur reeds beskikbaar is. Jeffrey besef dat die projek 'n uitwerking op die omliggende gemeenskap sal hê en moet besin oor die beste manier om die projekskedule te bestuur, met minimale geraas en onderbrekings vir omliggende woongebiede en ondernemings.

VRAAG 3

3.1 Definieer *projekbestuur*. (3)

3.2 'Jeffrey Morgan is 'n noukeurige beplanner.'

3.2.1 Waarom moet Jeffrey Morgan die liggaam-en-welstandsprojek beplan? Gee TWEE redes.

3.2.2 Wat is die gevolge indien 'n projek nie noukeurig beplan word nie?

(2 × 2) (4)

3.3 Risikobestuur en gebeurlikheidsbeplanning is deel van die projekplan.

3.3.1 Identifiseer TWEE risiko's wat in die uitvoering van die liggaam-en-welstandsprojek kan voorkom. (2)

3.3.2 Verduidelik EEN gebeurlikheidsplan vir elk van die risiko's wat in VRAAG 3.3.1 genoem word. (2 × 2) (4)

3.4 Risikobestuur en gebeurlikheidsbeplanning is een aspek van die projekplan. Noem SES ander elemente wat Jeffrey Morgan by die projekplan kan insluit. (6)

3.5 Noem en verduidelik die VYF projekbestuursprosesse soos deur die projekbestuur-kenniskorpus ('PMBOK') uiteengesit. (5 × 2) (10)

3.6 Wat is die tydraamwerk van die bogenoemde projek? (1)
[30]

VRAAG 4

4.1 Projekbestuur-hulpmiddels soos die Gantt-grafiek bied aan die projekbestuurder en die span maniere om take makliker af te handel.

4.1.1 Noem VYF ander hulpmiddels wat Jeffrey Morgan vir die liggaam-en-welstandsprojek kan gebruik. (5)

4.1.2 Wei uit oor VYF beperkings van 'n Gantt-grafiek as 'n hulpmiddel by projekbestuur. (5 × 2) (10)

4.2 Onderskei tussen die volgende leierskapstyle:

4.2.1 Ondersteunende leierskapstyl

4.2.2 Delegerende leierskapstyl

(2 × 2) (4)

4.3 Bespreek VYF eienskappe wat Mpho Maleka as leier van die projekspan behoort te hê. (5 × 2) (10)

4.4 Waarom is dit belangrik dat Mpho Maleka erkenning aan haar spanlede moet gee? (3)

4.5 Gee DRIE maniere waarop Mpho Maleka erkenning aan die pogings van haar spanlede kan gee. (3)
[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Illustreer deur middel van voorbeelde hoe Jeffrey Morgan etiese beginsels met betrekking tot die volgende kan toepas:

5.1.1 Maatskaplike en kultuurgebied

5.1.2 Fisieke omgewing

5.1.3 Politieke en internasionale omgewing

(3 × 3) (9)

5.2 Ontwerp ’n eenvoudige kleinkasbewys vir die liggaam-en-welstandsprojek. (7)

5.3 Dui aan of die volgende aspekte van die liggaam-en-welstandsprojek as ‘algemeen’, ‘beperk’ of ‘vertroulik’ beskou kan word:

5.3.1 Spanlede se kontrakte

5.3.2 Templaatdokumente vir die liggaam-en-welstandsprojek

5.3.3 Opleidingshandleiding vir die liggaam-en-welstandsprojek

5.3.4 Gesondheidsverslae van die projekspan

5.3.5 Kontakbesonderhede van die kliënt George Georgiades

5.3.6 Jeffrey Morgan se skedule

(6 × 1) (6)

5.4 Die liggaam-en-welstandsprojek is ’n ingewikkelde projek.

Identifiseer VYF ander tipes projekte. (5)

5.5 Verduidelik aan Jeffrey Morgan waarom dit belangrik is om die liggaam-enwelstandsprojek in take, subtake en werkpakkette te rangskik. (3)

[30]

VRAAG 6

6.1 Dit is belangrik vir Jeffrey Morgan om spandinamika te bestuur omdat projekte spaninisiatiewe behels.

6.1.1 Definieer die term *spandinamika*. (2)

6.1.2 Noem en beskryf VYF faktore wat die spandinamika van die liggaam-en-welstandsprojek kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

6.2 Indien konflik nie bestuur word nie, kan dit tot wantroue en spanning onder spanlede lei.

Verduidelik die volgende strategieë wat Jeffrey Morgan kan gebruik om konflik in sy span te bestuur.

6.2.1 Aandrang (‘insisting’)

6.2.2 Aftog blaas (‘backing down’)

6.2.3 Onderhandeling

(3 × 2) (6)

6.3 Onderskei tussen TWEE tipes koste en gee ’n voorbeeld van elk. (2 × 3) (6)

6.4 Dit het onder Jeffrey Morgan se aandag gekom dat die projek agtergeraak het. Hy besluit om 5 spanlede in diens te neem om die bestaande span te help om die projek betyds klaar te maak. Elke spanlid sal R260 per uur vir die oorblywende 7 dae verdien. Die span werk 8 uur per dag.

Bereken die totale koste om die bykomende spanlede in diens te neem. (5)

6.5 Noem SES aspekte wat Jeffrey Morgan moet insluit wanneer die koste van die werkselemente vir die liggaam-en-welstandsprojek beraam word. (6)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou